

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegeë deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XIX, No. 676.]

8 MAART 1935.

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD

[PRYS 4D.

„Die Stem van Suid-Afrika”

DIE Suid-Afrikaanse volk as 'n geheel het nog nooit 'n volkslied gehad wat hy sy eie kon noem nie. Wel was dit die geval in Transvaal en die Vrystaat, maar met die onderwerping van die twee Republieke drie-en-dertig jaar gelede het ook die twee amptelik erkende volksliedere saam met die republikeinse vlage verdwyn. Die vier provinsies is vyf-en-twintig jaar gelede aaneengesnoer onder 'n gemeenskaplike regering, maar nog het die stem van die volk by fees- en volkseleentheid geen uiting gevind in 'n gemeenskaplike volkslied nie.

Aan die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings sal ons altyd met dankbaarheid kan dink as aan dié liggaam wat in hierdie saak die eerste met krag opgetree het om 'n einde te maak aan die onhoudbare posisie dat 'n volk geen amptelik erkende volkslied het nie. Daar is lank aan die saak gearbei, maar uiteindelik het die dag aangebreek toe die dagblaai ons onlangs die heuglike tyding gebring het dat die F.A.K. *Die Stem van Suid-Afrika* van wyle senator C. J. Langenhoven aangewys het as volkslied vir heel die Afrikanerdom. Ons sê „aangewys”; ons kon sê „aangekondig” of „erken” het, want dit ly geen twyfel nie dat daardie pragtige lied hom lankal in die hart van die volk self tot ons volkslied verhef het. Deur sy besluit het die F.A.K. maar net amptelike gesag verleen aan die keuse wat ons almal lank reeds gedoen het.

En so moet dit wees. Die volkshart moet self sy volkslied kies waarin hy sy onverganklike liefde, sy onkreukbare trou aan volk en vaderland kan uitjubil. En skoner lied vir hierdie heerlike doel kan ons nie begeer nie. Op poëtiese, nasionale en emosionele gebied munt *Die Stem van Suid-Afrika* uit bo alle volksliedere wat ons ken, en ons is 'n gelukkige volk wat op een van sy skoonste gedigte as sy volkslied kan boog.

Ons twyfel daar geen oomblik aan dat die ganse Afrikanerdom hierdie beslissing van die F.A.K. met innige toejuiging sal begroet nie. Mag elk-

een wat daardie lied van nou af aan nog frisser uit volle bors sing, besiel raak met dieselfde vaderlandstrou en -liefde en offervaardigheid as die skepper daarvan. Dan het ons geen vrees vir die toekoms nie.

Oor die amptelike aanvaarding van een van die bestaande wysies of van 'n nuwe toonsetting sal daar luidens die aankondigings binnekort beslis word. Dat die lied 'n nog treffender toonsetting as enige

Ons is bly dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns ook sy stem laat hoor het teen die karikatuuragtige voorstelling van die Voortrekkers in die Juta-paneel in die Unie se amptelike gebou in Londen. Dit is eienaardig dat die Afrikaanse pers hom haas geen woord van kritiek op hierdie paneel laat ontval het nie, hoewel dit as uitbeelding van die Groot Trek seker net so onbevredigend is as die skildery wat die landing van Van Riebeeck voorstel. Daar was sprake dat Juta gevra sou word

voorstelling uit ons geskiedenis in die brokkie van ons land wat in Londen geleë is, 'n onjuiste indruk moet maak.

Die Oxford University Press het onlangs 'n interessante boek van prof. P. R. Kirby van die Universiteit van die Witwatersrand uitgegee waarin die skrywer 'n uiteensetting gee van die musiek en die musiekinstrumente van die natuurerasse van Suid-Afrika. Dit is die eerste ondersoek van hierdie aard wat ooit ingestel is en dus 'n baie interessante bydrae tot ons kennis van 'n aspek van die kultuurlewe van die natuurlike waarvan totnogtoe heel weinig bekend was. Die titel van die boek is *The Musical Instruments of the Native Races of South Africa*.

„Dit is passend dat die eerste uitvoerige verhandeling oor Suid-Afrikaanse kunsrigtings en oor Suid-Afrika se vernaamste kunstenaars in Afrikaans geskryf moet wees, want Afrikaans was tot dusver essensieel die kunsttaal van die land. In musiek, in poësie, in die letterkunde as geheel, is die essensieel Suid-Afrikaanse in Afrikaans gelewer.” Hierdie aanhaling is nie aan 'n Afrikaanse tydskrif of koerant ontleen nie, maar aan 'n beskouing oor prof. A. C. Bouman se boek wat deur 'n Engelssprekende medewerker van die *Cape Argus* geskryf is. Kan enigeen hom voorstel dat so iets tien jaar gelede in 'n Engelse blad sou verskyn het? Dit lyk darem of ons so langamerhand erkenning van Engelse kant begin kry vir wat op letterkundige gebied in die eertydse „patois” gelewer is.

'n Week of wat gelede het ons vermeld dat daar van die besoek van die studente wat aan die A.N.S.-reis deelneem aan Holland gebruik gemaak is om die moontlikheid van 'n spesiale radiodiens op Suid-Afrika te bespreek. Die hoofde van die radiostasie te Eindhoven het toe bevoorloof op om die saak in te gaan. Ons verneem nou dat 'n verteenwoordiger van die Philips-Radiomaatskappy wat op die oomblik in Suid-Afrika vertoef, die saak ook hier sal ondersoek. Die grootste struikelblok op die oomblik is die hoë koste wat aan so 'n diens verbonde is. Dit word op ongeveer tienduizend pond per jaar bereken. Daar is egter reeds heelwat steun toegesê, en die Ned. Z. A. Vereeniging is op die oomblik besig om die saak in oorleg met die hoofde van die Philips-fabriek verder te ondersoek.

Ek Sal Nie Klaag

*Ek sal nie klaag maar dapper hier
my op die lewensbare waag
en self my eie boot bestuur —
ek sal nie klaag.*

*Ek sal met elke vriend en maag'
my voorspoed vier,
maar self my skandes skraag.*

*Laat siektes dan my groei ontspier
en honger my gemoed deurknaag,
ek sal tog darem tierelier —
ek sal nie klaag!*

A. FOUCHE.

van die bestaandes allesyds verdien, weet ons almal, maar per slot van rekening kom dit daar nie veel op aan as ons ons voorlopig met die beste bestaande wysie moet behelp en nog tien of twintig jaar moet wag op 'n grootse en waardige toonsetting nie. Ons het die lied, ons het die liefde; die res sal kom.

Hulde *Die Stem*; ere Langenhoven; dankie, F.A.K.!

AAANTEKENINGE.

DIE Bestuur van die Afrikaanse Eisteddfod, Kaapstad, het besluit om vanjaar weer 'n volle program van werksaamhede aan te pak. In verskillende afdelings sal daar selfs aanmerklike uitbreiding wees. Die onder-komitees het reeds hul werksaamhede voltooi en die volledige sillabus sal in ons uitgawe van 12 April gepubliseer word. So gou moontlik daarna sal dit in pamfletvorm gedruk word en gereed wees vir verspreiding.

om 'n nuwe paneel te skilder in die plek van die afgekeurde Van Riebeeck-voorstelling. Ons vrees egter dat hierdie skilder, wat sy bekwaamheid as dekoratiewe kunstenaar ook mag wees, te vreemd staan teenoor die Afrikaner se kultuur en geskiedenis om ooit 'n besielde uitbeelding van enigiets in verband met ons volksverlede te lewer.

As net een van die panele 'n mislukking was, dan sou daar nog 'n verskoning wees om die kunstenaar se dienste weer in te roep; maar die feit dat geen enkele van die drie geskiedkundige panele — selfs nie eens die Van der Stel-voorstelling — enigsins 'n blyk gee van grondige insig in ons verlede nie, is vir ons afdoende bewys dat Juta geen begrip hoegenaamd het van die taak wat aan hom opgelê was nie. Die enigste uitweg, meen ons, is om die werk as 'n dooie verlies af te skryf en iemand anders te kry om nuwe panele te skilder. Ons is selfs oortuig daarvan dat baie Afrikaners gereed sal wees om uit hul eie sak vir nuwe panele by te dra liewer as om te sien dat die